

# BLOEMSKOU 26 APRIL TOT 5 MEI 2018
# SA BOERPERD STREEKKAMPIOENSKAP - 2018

Dit is met groot opgewondenheid dat ons uitsien na die 2018 Bloemskou wat **vanaf Donderdag 26 April tot Sondag 5 Mei 2018** aangebied gaan word. Hiermee die volgende inligting insake die algemene reëlings van die kampioenskappe deur die skou organiseerders.

**1. Datum van kampioenskap:-**

- Die datum van u kampioenskap is vanaf **Maandag, 30 April 2018 tot Donderdag,3 Mei 2018.** Die kampioenskap strek oor vier dae. **Let asseblief daarop dat die twee rasse (Friesperde en Boerperde) gesamentlik binne die bogenoemde datum skou.**

**2. Aankoms en vertrek van Perde:-**

- U rasgenootskap se eerste perde kan begin arriveer vanaf Sondag, **29 April 2018**, om **14h00**.
- **Alle** SA Boerperde moet vanaf die skougronde vertrek teen **12:00** op Vrydag, **4 Mei 2018**.

- Die **addisionele kaartjies** sal teen die volgende bedrae aangekoop word.

| | |
|---|---|
| **Plastiese Armband kaartjies (Week 2 Volwassenes)** | R120.00 |
| **Plastiese Armband kaartjies (Week 2 Kinders)** | R 60.00 |
| **Plastiese Armband kaartjies (Week 2 Grooms)** | R120.00 |
| **Dagkaartjies** | R 60.00 |
| **Perde A Parkering** (Binne Arena) | R 65.00 |
| **Perde B Parkering** (Tussen versamelring + Arena) | R 50.00 |

- U ras se kaartjie behoeftes moet my nie later as **Vrydag, 6 April 2018**, bereik nie.
- Waar telers nie kaartjies vooraf ontvang nie, moet die kaartjies by die Perdehek gelaat word. **GEEN** toegang sal sonder kaartjies geskied nie.
- Ongebruikte kaartjies moet so gou as moontlik na die skou by die skoukantoor ingehandig word sodat dit teruggeboek kan word.

3. **<u>Beddegoed:-</u>**

- **<u>Slegs</u>** doppe of skaafsels mag vir beddegoed gebruik word. (Dit sal jaarliks bepaal word afhangende van die beskikbaarheid.)
- **GEEN** skaafsels sal ekstra deur telers vir versiering van stalle by die skou aangekoop kan word nie. Telers moet skaafsels vir hierdie gebruik self voorsien of saambring.
- ***<u>Vuil beddegoed</u> moet daagliks op die gange se punte geplaas word, dit help die skoonmaakdienste om dit maklik en vinnig te kan verwyder.***

4. **<u>Gebruik van ringe:-</u>**

- **GEEN** perde of karretjies sal voor die aanvang van die skou, op die gras in die Arena toegelaat word nie. Die gras word deur die jaar versorg en daar word 'n ernstige beroep op u vertoners en telers in die verband gerig.

5. **<u>Insentiewe:-</u>**

- **U rasgenootskap ontvang die volgende insentiewe vir die 2017 skou:-**
  Indien julle 'n **<u>Streek- of Provinsiale skou</u>** aanbied sal Bloemskou die bedrag van **<u>R4 510-00</u>** aan u rasgenootskap betaal.
  Indien julle 'n **<u>Nasionale skou</u>** aanbied sal Bloemskou die bedrag van **<u>R6 000-00</u>** aan u rasgenootskap betaal.
- Neem kennis dat **addisionele kaartjies** en/of opsetlike skade aan skou eiendom of toerusting se kostes hiervan afgetrek kan word.

6. **<u>Elektrisiteitsgebruik:-</u>**

- Die elektrisiteits voorsiening by die stalle is **nie genoegsaam** vir die gebruik van ketels en ander elektriese toerusting nie.
- **GEEN** eie elektriese aanlegte of verlenggings mag gedoen word nie.
- **GEEN** oop lasplekke in enige kabel of bedrading sal toegelaat word nie.
- **GEEN** draaikoord of oop drade mag gebruik word nie.
- **GEEN** oorlading en gebruik van multiproppe sal toegelaat word nie.
- **GEEN** ligte of kragpunte mag op 'n staalkonstruksie vasgemaak word sonder aardlek beskerming nie.
- **GEEN** oop element verwarmers mag gebruik word nie.
- Die **minimum hoogte** van oop gloeilampe moet 2.4m wees.
- Alle elektriese toerusting moet in 'n **veilige werkende** toestand wees.
- Die kontrakteurs op die gronde sal deurentyd die gronde en stalle inspekteer vir die misbruik en/of foutiewe gebruik van elektrisiteit. **Enige misbruik sal onder die aandag van die rasgenootskap gebring word en die herstel daarvan sal van die rasgenootskap verhaal word. Dit is 'n wetlike oortreding indien daar aan elektrisiteit geknoei word.**
- Doen asseblief 'n beroep op u vertoners om liewer van **gas** gebruik te maak en nie die elektrisiteit te misbruik nie.

**7. Eie Risiko:-**

- ***Alle rasgenootskappe met hul telers en vertoners skou op eie risiko***. Let asseblief ook daarop dat slegs perde met die nodige **inentings** die skou mag besoek.
- Die Sentrale Landbougenootskap aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige verliese of skade wat as gevolg hiervan mag voorkom nie.
- Bloemskou aanvaar **geen verantwoordelikheid** vir skade of beserings aan vertoners/telers/diere/voertuie/toerusting van rasgenootskappe of telers nie.
- Dit is elke rasgenootskap se verantwoordelikheid om toe te sien dat diere ***siektevry*** die kampioenskap bywoon en die skougronde betree.

**8. Klank:-**

- 'n **Klanksisteem** sal deur Bloemskou voorsien word.

**10. Stalplan:-**

- 'n Volledige stalplan moet aan die Bloemskou verskaf word. Die stalplan moet my nie later as **Vrydag, 6 April 2018** bereik nie. Name en telefoon nommers van vertoners/telers moet saam met die stalplan ingedien word.

**11. Getal diere:-**

- Die **getal diere** wat aan die skou gaan deelneem moet saam met die kaartjie behoeftes deurgegee word.

**12. Veiligheidsmaatreëls:-**

Die jaarlikse Bloemskou word streng gemonitor onder die Wet –
**No 2 of 2010 "Safety atSports and Recreational Events act, 2010",** deel hiervan bepaal dat:

Bloemskou voorsien word van ingenieurs sertifikate vir:
a) Alle **tente** wat opgeslaan word.
b) Enige **tydelike** strukture.

Hierdie sertifikate moet ons kantoor bereik op die dag wat die tent/struktuur opgerig word. Toepassing hiervan is baie streng en kan u persoonlik aanspreeklik gehou word as hierdie wet nie nagekom word nie.

- **GEEN vure mag in die kompleks gemaak word nie.**
- **Tydelike strukture** wat opgerig word moet veilig wees vir die gebruik van mense en diere. (geen oorhangende sinkplate of skerp voorwerpe nie).
- **Alle strukture** moet aan veiligheidsvereistes voldoen en ons moet voorsien word deur 'n ingenieurs sertifikaat.
- Neem kennis dat daar '**n Polisiestasie** op die gronde is (wandellaan na die Pretpark)
- **Noodhulpdienste** is beskikbaar. . In geval van nood skakel **ER24** (071 882 4363) op die gronde.
- Alle telers en vertoners moet in besit wees van 'n geldige werkende **brandblusser** (poeier tipe) wat binne die afgelope 12 maande getoets is).
- Dit is die verantwoordelikheid van elke teler en vertoner om te weet waar die naaste **brandblusser** is in geval van nood. Brandslange is op strategiese plekke gemonteer.

- Neem kennis dat in geval **nood ontruiming** moet plaasvind, moet daar net buite die naaste toegangshek vergader word. Die nodige aanwysings is aangebring. Bring dit **asseblief** onder alle telers se aandag.